Gasvrye mense eet saam aan tafel

Jannie Swart

'n Missionale perspektief op Christelike identiteitsvorming

We take the meal with as much gospel seriousness as we take our Scriptures;
We take the kitchen to be as essential in the work of salvation as is the sanctuary. (Eugene Peterson)

Missionale teologie as alledaagse lewenswyse

Die sistematiese teoloog, Douglas John Hall, verwys in *Bound and Free* na die Engelse humoris, PG Wodehouse, wat eenmaal gesê het daar is twee maniere om 'n roman te skryf: "One is mine, making a sort of musical comedy without music and ignoring real life altogether; the other is going right deep down into life and not caring a damn."

Hall gebruik hierdie aanhaling vir sy kritiek op 'n teologie "wat nie meer die verpligting voel om op die markplein uit te gaan om vas te stel wat daar aan die gebeur is nie, omdat daar geglo word dat enige iets en alles wat nog moontlik in hierdie wêreld kan gebeur alreeds in die leerstellings van hierdie teologie verreken is." Hall wil teologie "right deep down into life" bedryf. 'n Missionale teologie, wat fokus op God se teenwoordigheid en aktiwiteit in die alledaagse lewe, sal voortdurend moet vra hoe so 'n gestuurdheid oor die grense van gemeentes tot "right deep down into life" daar uitsien.

In dié sin is 'n teologie vir gestuurde gemeentes een wat lidmate help om Christene in die gewone, alledaagse lewe te wees waar hulle meeste van hulle die tyd spandeer. Anders bly dit 'n teologie wat net met die lewe en aktiwiteite van die gemeente self te doen het, sonder betekenis vir die karakter van gestuurde gemeentelede binne hulle huishoudings, werksplekke, vriendekringe en die publieke sfere van die samelewing.

'n Belangrike perspektief van missionale teologie is immers dat die gemeente as sodanig nie die doel van die Christelike lewe is nie. Dié doel is eerder dat die gemeente God se gestuurdes en medewerkers is daar waar God klaar teenwoordig en aktief is – in die gewone, alledaagse lewe. Missionale teologie bring die fokus terug na God toe en sy missie in die wêreld, eerder as na die missie(s) van die kerk as sodanig. Darrell Guder, redakteur van die bekende werk in missionale teologie, *Missional Church: A Vision for the Sending of the Church in North America*, het onlangs in 'n *Word and World*-artikel toegegee: "... as die kerk van uit sy aard sendeling is, dan is die lewe en roeping van elke Christen fundamenteel missionaal. Daar moet egter toegegee word dat hierdie aspek tot nou toe nie genoegsaam in die bespreking van evangelie en kultuur beklemtoon is nie."

Missionale identiteitsvorming aan die etenstafel

Dié artikel fokus vlugtig op die belangrikheid daarvan om gestuurde gemeentes tot Christelike identiteitsvorming binne een lewensterrein, naamlik die huishouding, te bring. Die huishouding is een van die belangrikste plekke om 'n missionale identiteit te kweek. Don Browning (en talle ander wat 'n aantal jare gelede saam met hom gewerk het aan *The Religion, Culture, and Family Project*) het aangetoon hoe belangrik die kontinuïteit tussen die gemeente (as "First Church") en die huishouding (as "Little Church") vir die kweek van Christelike identiteit is.

Daar is baie aspekte verbonde aan die vraag hoe identiteitsvorming in die huishouding plaasvind. In dié kort artikel wil ek na een spesifieke praktyk verwys, naamlik 'n etenstafelkultuur in die huishouding. Ek wil fokus op drie redes waarom vanuit 'n missionale oogpunt Christelike identiteitsvorming deur middel van 'n etenstafelkultuur in die huishouding belangrik is.

Fokus op die teenwoordige God

'n Etenstafelkultuur as Christelike praktyk in die huishouding kan help om die fokus op die altyd ***teenwoordige God*** te plaas. Christelike identiteitsvorming begin by 'n voortdurende gewaarwording dat God self by ons teenwoordig is. 'n Etenstafelkultuur, sê Christine Pohl, sorg dat "binne die konteks van gesamentlike maaltye word die teenwoordigheid van die Koninkryk van God voorafgeskadu onthul en weerspieël."

Aan die etenstafel leef ons in 'n praktyk wat Jesus self gebruik het om die Koninkryk van God in mense se lewe te bring. Ons eie saam eet-gewoonte aan tafel herinner ons letterlik aan hoe Jesus God se genade op 'n besondere wyse deel van mense se lewe gemaak het deur met hulle saam te eet.

Terselfdertyd skep dit die geleentheid om karakter en waardes te kweek wat heenwys na die uniekheid van 'n Christelike maaltyd, naamlik Jesus se selfopoffering aan die kruis. Eugene Peterson sê: "Die woord wat sentraal in die heilige nagmaal sowel as die maaltye in ons huise staan, is 'offer'." En: "Vir mense soos ons, wat grootgeword het in 'n kultuur waar goed gedoen word (pragmatisme) en waar elkeen vir homself sorg (individualisme), is opoffering hoegenaamd nie vanselfsprekend of selfs aantreklik nie."

'n Etenstafelkultuur van kos voorberei, vir mekaar voorsit en saam eet, skep die geleentheid om te onderskei hoe ons as huishouding "onsself aan ander gee" sodat hulle kan leef. Op dié manier onderskei ons as huishouding ons deelname aan die verlossingswerk van Christus in die wêreld rondom ons. Dit kweek die missionale praktyk om dít wat ons as gawe van God ontvang, ook aan ander weg te gee.

Etenstyd kans vir dialoog en betrokkenheid

'n Etenstafelkultuur skep die geleentheid vir ***egte dialoog en betrokkenheid by mekaar***. Dis 'n kans om wederkerige respek en belangstelling in die huishouding te skep. Maaltye was immers ook een van dié geleenthede waartydens Jesus altyd dialoog gesoek het met ander.

Die kitskultuur van ons tyd het ongelukkig gemaak dat ons nie meer tyd het om saam aan tafel te sit nie. Borgmann skryf: "Die toenemende groei in kitskosetes maak dat daar min geleentheid vir ontspanning en gesprek is; die enorme ontploffing in die aantal restaurante dui daarop dat daar selde in huise kos gemaak en skottelgoed gewas word; in talle huise is die televisie die dominante teenwoordigheid by gesinsetes en word persoonlike verhoudings en gesprek feitlik uitgeskakel, terwyl die hoeveelheid klaarbereide voedsel en bevrore maaltye wat verorber word, 'n kultuur van gesinsresepte en saamwerk in die wiele ry."

En tog is maaltye een van die beste geleenthede om tyd te maak vir mekaar en betrokke te raak by dit wat belangrik is vir die ander. Soos Pohl dit stel, "familie en gaste deel kos sowel as die lewe ... met die klem op mense eerder as kos."

Gasvryheid as lewenswyse

'n Etenstafelkultuur kweek die Christelike praktyk van ***gasvryheid as 'n lewenswyse***. Gasvryheid verteenwoordig 'n ontsaglike ryk Christelike tradisie wat ongelukkig dikwels afgewater word met wat Pohl "tea parties, bland conversation, and a general atmosphere of coziness" noem. Vir baie beteken gasvryheid net om vriende te onthaal. Dikwels word dit boonop 'n manier waarop ander se guns ter wille van ander agendas gewen word.

Om gasvrye kinders te kan grootmaak, sê Pohl is dit belangrik dat: "jy moet wees wat jy probeer oordra ... Kinders leer gasvryheid by ouers wat ruimte in hulle lewe skep vir hulle gesin sowel as vir gaste. Kinders ontwikkel 'n wrewel ten opsigte van gasvryheid wat nie wyd genoeg is om hulle in te sluit nie; daarenteen groei hulle in gasvryheid wanneer hulle deel in so 'n lewegewende omgewing. Gasvryheid is 'n lewenswyse wat jy slegs oor 'n lang tydperk kan aankweek."

Vanuit 'n missionale perspektief is gasvryheid veral belangrik as 'n manier om die vreemdeling in die oog te hou en in te nooi as deel van die huishouding. In Bybelse verhale en die geskiedenis van die vroeë kerk was dit altyd een van die noodsaaklike maniere om die goeie nuus aan vreemdelinge oor te dra.

'n Etenstafelkultuur, waar daar altyd plek vir die vreemdeling is om te kan aansit, is die ideale plek vir die kweek van so 'n gasvryheid teenoor hulle wat nie het nie. Só kan die vreemdeling kom deel in die gawes wat God vir ons as huishouding gegee het.

* ***Jannie Swart*** *was tot onlangs leierleraar van Fontainebleau in Johannesburg. Hy is tans besig met 'n PhD in missionale gemeentes en leierskap en is pas aangestel as die Besturende Direkteur van die Partnership for Missional Churches in die VSA.*